

SALRM: Telbord vir taalregte in Suid-Afrika

Kriel, Mariana. 2010. **South African Language Rights Monitor 2007.** Bloemfontein: Sun Press. 93 p. Price: R175,00.
ISBN: 978-1-920383-06-0.

Resensent: K. Brits
Taaldirektoraat
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Die belangrikheid van hierdie sesde verslag van die Suid-Afrikaanse Taalregtemonitorprojek, wat in opdrag van PanSAT (Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad) deur Mariana Kriel saamgestel is, kan nie oorbeklemtoon word nie. 'n Mens wil amper so ver gaan om te sê dat dit deur almal gelees behoort te word, maar die verslagaard van die boek maak dit miskien minder toeganklik vir die breë publiek. Dit is egter 'n goeie oorsigtelike bron (oor taalsake in 2007) vir die navorser wat met taal en taalregte gemoeid is en 'n mens wens eintlik dit kon vinniger beskikbaar gestel gewees het.

Soos dit in die inleiding van die boek/verslag staan, is die SALRM (South African Language Rights Monitor) 'n jaarlikse verslag oor die taalregtesituasie en taalsake soos dit in die gedrukte media weerspieël word (p. 1). Uit die aard van die publikasie word die metodologie wat vir die versameling data gevolg is, direk na die inleiding verduidelik. Die ander afdelings ('n mens kan nie werklik van hoofstukke praat nie) handel oor die mediadekking van taalsake gedurende 2007 (met onderafdelings oor naamsverandering, taalprobleme, taalbevordering en taalnavorsing), taalverwante klagtes wat by amptelike liggame gelê is, taalregsgedinge, taalaktiwisme soos dit deur die gedrukte media gedek is en laastens samevatende opmerkings.

Die inhoudelike indeling en die bladuitleg maak dit soms moeilik om die draad van die verslag te volg. In die inleiding word genoem dat die verslag 'n oorsig bied oor mediadekking oor taalsake (oor die algemeen), taalregteklagtes, taalaktiwisme, taalregsgedinge en relevante navorsing oor taal, maar dit word nie presies so in die verslag (of in die inhoudsopgawe uiteengesit nie). Die volgorde van sake in die opskrifte word ook nie altyd in die bespreking daarvan gevolg nie (soos dit op p. 21 die geval is).

Die manier waarop die afdelings ingedeel is, is ook nie altyd geslaagd nie. Met die eerste lees was die resensent onder die indruk

dat 'n gedeelte van afdeling 3 (wat handel oor die mediadekking van taalsake gedurende 2007) nog deel van die metodologie-afdeling was. Die metodologie-afdeling kan die leser ook op 'n dwaalspoor bring om te dink dat dit op die hele verslag van toepassing is en dan kom afdeling 4 en 5 amper as 'n verrassing. Dit sou dus beter wees indien die metodologie-afdeling 'n onderafdeling van afdeling 3 kan word, omdat dit nie werklik op die res van die boek betrekking het nie. Dit sou ook goed wees indien elke afdeling deur 'n inleiding en slot tot 'n eenheid gebind kan word en indien daar 'n gladder oorgang tussen die afdelings kan wees.

Wat die bladuitleg betref, sou dit miskien beter wees indien elke afdeling op 'n nuwe bladsy kan begin. Die opskrifte raak ook weg as gevolg van die lettertipe en omdat dit ook nie vetgedruk is nie. 'n Mens sou wel kon redeneer dat dit 'n verslag is en dat die bladuitleg nie so 'n belangrike rol speel nie, maar dit word in boekvorm uitgegee, wat bepaalde verwagtings skep.

Die leser moet nie onder die wanindruk kom dat die verslag heeltemal ontoeganklik is nie. Dit is glad nie die geval nie. Die gebruik van kleurgrafieke en tabelle vergemaklik die verwerking van die inligting en goeie konteks word geskep deur die vergelykings met die vorige jaar (of jare), waar van toepassing. Die onderafdeling wat oor die naamsveranderings handel, is ook baie goed hanteer deur objektiewe (sover dit ook dan menslik moontlik is) agtergrondinligting oor die naamsverandering in die tydperk te gee. Die afdeling wat oor die taalregsgedinge handel, verdien ook vermelding. In hierdie afdeling word hofsake oor naamsverandering (Makhado na Louis Trichardt) en taalregte (Hoërskool Ermelo) bespreek. Die tweedelaaste afdeling, waar die instrumente van taalregte-aktivisme (wat van navorsing tot geweld strek) bespreek en ontledings in tabelvorm gegee word, is nuttige leesstof vir 'n taalsosioloog.

Die formaat van die verslag is nie die heel belangrikste nie, maar wel die inhoud en dat dit ons sal aanspoor om ons tale en taalregte te beskerm en te bevorder.